# ZASTRONNER

Uitleg en Ontwerp deur TSD Groep (info@tsd.co.za) ~ Mei 2013 ~ Prys: R10.00


# Time For Glühwein!

"Glühwein is a German/Austrian winter-holiday drink that most tourists know as an after-ski drink. After you come in out of the snow, it is supposed to make you glow with warmth again. Watch it: Since you drink this wine warm, the alcohol goes to your head extra quick! Drink when you really have come in, and do not have to go out again!

**To 4 litres of red wine you need:**

- Caster sugar (amount proportional to quality of red wine, the worse the wine the more sugar you need, add it to taste, but start with about 2 cups)
- 6 - 8 Cinnamon sticks
- Whole cloves
- 2 Oranges
- Whole allspice
- 2 cups of orange juice
- If you wish to get your friends and yourself tipsy even more quickly, or just to add a little extra kick, add brandy, sweet sherry or port to the mix. (optional but rather tasty)

**Method:**

1. Pour the red wine into a large pot and put it on the stove on a very low heat – you must not let the wine boil or the world could end... and that is not something you want to risk...
2. I tend to cut the oranges into slices and then put about 4 cloves into each slice, then put them in with the wine.
3. Break the cinnamon sticks in half or thirds and put them in with the wine as well as 10 of the whole all spice.
4. Add in the sherry or port as well as 2 cups of orange juice.
5. Add in 2 cups of sugar and stir.





6. Stir on and off for about 30 mins to give the spices time to infuse with the wine and for the magic to occur, then taste it, and add more sugar as needed (possible up to 4 or 5 cups more in the wine is really bad).
7. Let it cook/infuse/whatever for about 30 mins more (again, not letting it boil).
8. Drink and be happy :)

*~ Mirna*


WEB

R25* pm

JOU EIE WEBSITE!

- 1Gb Website Spasie
- Onbeperkte eposadresse
- 10 Gb Oordragspasie
- Ontwerp jou eie website vinnig en maklik

tsd Web

info@tsd.co.za

083 431 5255

*Terme & Voorwaardes Geld. F&WU R130 jaarlikse registrasie van toepassing



NON STOP COURIERS




Martin 076 853 9671 Wilco 079 277 7150

email: martin.nonstopcouriers@gmail.com

# Uit Ons Pen

Goeie dag Zastronners

Die winter het eensklaps op ons neergedaal! Dit voel asof dit nog eendag laat-somer was en toe is dit winter die volgende dag! Hopelik het ons nog so hier en daar 'n lekker warm dag in Mei, maar, die winter het darem ook sy bekoring: wat is lekkerder as om met 'n koffietjie, met jou rug na die sonnetjie die koerant of 'n lekker boek te lees op 'n naweekoggend? 'n Lekker pot sop; die goudgeel blare wat agter die kar dwarrel as jy in die straataf ry; 'n vuurtjie in die kaggel; 'n Aga stoof wat heeldag brand. 'n Mens kan die winter lekker maak ten spyte van die knyp van die koue! Ons verstaan dat Tiffendell ski-oord onder nuwe bestuur is en dié jaar weer gaan oop wees. As iemand meer inligting het met dalk 'n foto of twee, laat ons weet. Dis 'n heerlike naweek uitstappie hier naby ons.

Aan al die Zastronners wat binnekort oorsee vertrek – *bon voyage*! Daar is 'n hele klomp mense van wie ons weet wat die koue hier by ons vir so 'n rukkie gaan ontwyk. Lekker kuier by julle mense en geniet al die nuwe dinge wat julle gaan beleef. Onthou ons klompie hier in die koue..... en skryf vir ons ietsie oor julle omswerwinge asseblief tog!

Hier is ons grappie vir die maand:

Blondine vlieg saam met vlieënier in klein vliegtuigie. Hy kry 'n hartaanval toe hulle in die lug is. Die blondine is histeries en gryp na die radio: "Monday – Monday! Die vlieënier is dood!" Die man in die beheerkamer stel haar gerus en sê hy gaan haar help om veilig te land. Hy vra: "Wat is jou hoogte en posisie?"

Sy sê: "Ek's 1.7m en ek sit in die regterstoel..."

Stilte....

Hy: "Sê nou mooi agter my aan: Onse Vader wat in die Hemel is...."

Tot volgende keer, lekker lees!

## NOTICE

Zastronner reserves the right to shorten reports, articles or letters and to hold back any article or letter not suitable for publication. All problems and hints must be taken up with the editor in person. Send photos with a post-paid envelope included to enable the editor to return it. The editor is not responsible for the development cost of films. The opinion of the reporters is not necessarily that of Zastronner. Take notice in good time of the closing dates.

**Artikels, stories, briewe, ens. kan gestuur word na squares@mweb.co.za.**
**Zastronner is elke maand beskikbaar by:**
**Oog bakkery, Zastron Kafee, Zastron Drukkers, Nell's Restaurant, Squares, Kotteljonsie en Kanaän.**

# Vlieënier land veilig ná tol

*(aangepas uit 'n berig deur Jana van der Merwe, Volksblad 17 April 2013).*

'n Vlieënier van Zastron in die Vrystaat het Maandag 'n noue ontkoming gehad toe hy met sy girokopter 'n noodlanding aan die grens van Namibië by die Oranjerivier moes doen.

Christo Otto, 'n sakeman van Zastron en Sterkspruit en 'n ereveldwagter van SANParke, het ongedeerd uit die wrak van sy Girokopter MTO Sport geklim nadat die tuig se stuur 1200m bo die grond probleme gegee het. Die tuig het in die lug begin tol en hy moes 'n moeilike noodlanding doen.

"Gelukkig is 'n girokopter een van die veiligste vliegtuie. As ek met enigiets anders gevlieg het, het ons dalk vandag begrafnis gehou," het Otto gesê. Otto het as ereveldwagter vertrek op die toer Gyros for Rhinos ten bate van die beskerming van renosters. Hy sou saam met die res van die groep 6500km in twee weke vlieg.

Hy het saam met die groep van Musina oor die kronkelende grense van Mosambiek, Zimbabwe, Botswana en Namibië gevlieg, toe die ongeluk naby Pofadder in die Noord-Kaap gebeur.

Hy vertel toe die tuig in die lug begin tol, moes hy sy vliegervaring behoorlik inspan om veilig te kon land. Hy het slegs twee jaar gelede leer vlieg en het sowat 250 vliegure agter die blad. Otto vertel die tuig het sag geland, maar het toe op sy sy beland. Die rotor het hard met die aarde kennis gemaak. Otto, wat brandstof vir die groep se ses girokopters moes vervoer, het nie gesukkel om sy veiligheidsgordel los te kry nie en die tuig het nie aan die brand geraak nie.

Tom van der Meulen, toerleier, het as ervare vlieënier sowat 'n meter van hom kom land en hom gehelp. Otto sê hy is nou net baie teleurgesteld dat hy nie die res van die vlieg-tog saam met die span kan voltooi nie. Dié geldinsameling en bewustheidsaksie teen renosterstropery is 'n saak wat hom baie na aan die hart lê.

Volgens SANParke is meer as 668 renosters in 2012 vir hul horings uitgewis. Vanjaar staan die getal gestroopte renosters reeds op meer as 220.


## Zastron Guesthouses / B&B

### 36 on Boom

**Hennie Smit - 073 223 9714, 36 Boom Street, Zastron**
**Email: 36onboombb@gmail.com**

### Vultures Lodge

**Tielman Roos Ave. Tania van Tonder – Cell: 076 227 3913 –Fax: 086 658 4046**
**Email: vultureslodge@webmail.co.za**
**GPS coordinates: S30.17'836 E27.04'224**

### Mountain View

**Chris & Elzabe – Cell: 082 446 9108, Phone: 051 6731 040**
**Email: info@mountainviewzastron.co.za**
**GPS coordinates: S30.17'840 E4'445**

### Die Ou Stal

**38 George Street Piet & Zen Labuschagne**
**Cell: 082 416 7832**
**Tel / Fax: 051 6731 268,**
**Email: dieoustal@tiscal.co.za**

### Bly & Gly

**Sakkie Potgieter: 082 773 6241, Loraine Gates: 082 950 6371**
**52 Reichenberg Street, Zastron (Self Catering)**
**Website: www.zastron@olx.co.za**

### Tienfontein

**AA Superior Rated ****
**Eugene & Alta Heyns**
**Cell: 082 410 8351 / 082 374 9612 / 087 550 1699**
**Email: emheyns@nokwi.co.za**

### Roodeplaat Chalets

**Lynne Steyn: 082 3900 533**
**Andre Steyn: 082 7877 850**
**GPS coordinates: S30.20'800 E27.08'727**

### Highlands

**Sarieta Casten, Phone/Fax: 051 6731557**
**31 Meyer Street, Zastron.**
**Email: highlands.zastron@gmail.com**
**Website: www.highlandszastron.co.za**

### Onthaal Venue:

### Onder die Akker

**Troues / Verjaardae/ Familie Kuiers**
**Jannie & Hanri Goosen Cell: 082 568 0822 / 079 515 7638**
**Tel: 051 421 6598**
**Email: onderdieakker@ntelecom.co.za**

# Historic old House in Zastron to change hands

They sit in front of me – two girls from Ireland. Ciara Morressey, a native of Ireland and her friend, Bernaidine Capitao, a South African, but working in Ireland for the past 5 years.

Bernaidine and her brother Justin, who lives in New Zealand, had to hasten to South Africa following the sudden death of their mother, Mrs Suzanne Comfort. Both Bernaidine and her brother were scholars at Zastron High School.

Bernaidine stated that she was very happy in Ireland and had no intention of returning to South Africa. Morressey said that this was her first visit to South Africa and that she was shocked to see how people lived in fear - houses behind bars, huge dogs being kept for protection and that you could not stroll peacefully in the streets after dark.

Like a jewel the historic old house in which Comfort lived stands out amongst its more modern counterparts. In 1882 Zastron was declared a town and in 1883 the house was registered in the name of a certain William Mollard.

In 1956 the house was acquired by Mrs Baby van der Merwe, grandmother of Comfort. The house is typical of the old Free State building style and the only remaining example of this style in town. In spite of changes, due to deterioration, that had to be brough about, the original appearance has been maintained. After van der Merwe's death, Comfort inherited the house and lived there until the time of her death.

The large garden and variety of pot plants decorating the house is a true pleasure to observe. Situated on the corner of a large plot of ground, this historic old house is a jewel which will hopefully be preserved for future generations to appreciate.

~ *Alex van Rensburg*



*Left to right; Bernaidine Capitao and Ciara Morressey from Ireland.* *Photo: Alex Van Rensburg*



*The historic House in Georges Street.* *Photo: Alex Van Rensburg*



*The Late Mrs Suzanne Comfort.* *Photo: Alex Van Rensburg*

# Zastron Forum

Na aanleiding van berigte in die Volksblad oor die riviere van bloed in Zastron se strate, asook verdere berigte oor die rioolwater vol bloed wat 'n groot probleem by BKB Skeerdienste en die omgewing veroorsaak, het die Forum, op versoek van mnr. Johannes Pienaar, die aangeleentheid verder geneem.

'n Dringende vergadering is met die volle bestuurspan van die Mohokare Munisipaliteit gereël en is die aangeleentheid bespreek en oplossings vir die probleem probeer vind.

Die Munisipaliteit het tydens die vergadering onderneem om onmiddellik aandag aan die probleem te gee en alle stappe moontlik te neem om die oorsaak van die probleem op te los.

Op Maandag, 15 April 2013, was daar weer 'n gesprek in hierdie verband en het die Munisipaliteit, by monde van mnr. Tsepang Ntseno, bevestig dat die probleem opgelos is. Tot en met datum van hierdie berig kon nog geen bevestiging van mnr. Pienaar gekry word dat die probleem wel opgelos is nie, maar meer hieromtrent sal later berig word. Foto's bl. 10

GETCET
QUALITY CLOTHING

WINTER KLERASIE OP DIE RAKKE

DAMES: PRAGTIGE BREIDRAG - POLONECK, TURTLENECK, V-NEK, OOPKNOOP, GILET'S, JASSIES
POLOFLEECE BAADJIES EN GILET'S IN DIE MOOISTE KLEURE
DIJON, BARRINGTON EN WARM RHAPSODY BROEKE
BAADJIES, BLOESE EN WARM ONDERKLERE.

MANS: CORDRUOY LANGBROEKE, DENIMS, CHINO'S
WARM BAADJIES, WAISTCOATS EN TRUIE
WINTERS HEMDE,ONDERKLERE EN KOUSE

ADIDAS & LIZZARD

ALLES NET REG VIR DIE WINTER

(HOU ONS VENSTERS DOP VIR "SPECIALS")

GETCET BLOEMFONTEIN / ZASTRON

MH MARCO HEYMANS
FINANSIELE BEPLANNERS

Marco Heymans - AFP
(Associate Financial Planner)

NUUSFLITS / NEWS FLASH

Voordat jy geld vir belasting betaal, betaal dit in jou annuiteit voor 28 Februarie om maksimum belasting korting te kry.

Spesialiseer In:
• Boedelontleding en Boedelbeplanning
• Aftree beplanning
• Korttermyn Versekering
• Mediese fondse

• Gemagtigde Finansiële verskaffer Nr. 17579
• Lid van die Versekeringsmakelaarsraad van SA.
• Geakkrediteerde Mediese Fonds Makelaar.
• Sertifikaat van bevoegdheid in Korttermyn versekering.
• Assosiaat van die Finansiële Beplannings Instituut.

2 President Hoffman St, PO Box 158, Smithfield 9966
(051) 683 0234/180 0866 045 074 082 7800 697 mheymans@zipplink.co.za

# Zastron Forum kuier in Lesotho

Op Sondag 14 April 2013 het lede van die Zastron Forum in Lesotho gaan kuier. Bill Herbert het 'n interessante roete gereël vanaf Makhaleng tot by Maseru. Vriendelike mense, unieke omgewing en lekker kuier was die kenmerk van ons dag. Ons het die dag afgeskop met 'n heerlike ontbyt geëet by Cathy en Herman Nieuwoudt. Daarna het ons die hele dag in die buiteland spandeer. Die spoedgrens op die hoofweë is maar 80 km per uur en in die dorpies maar 50 km per uur. Die taxi's het egter dieselfde temperament as dié in Suid-Afrika. Middagete was in die heerlike winkelsentrum in Maseru. Ons het Lesotho verlaat deur die Van Rooyenshek en het sommer onmiddellik tuis gevoel op ons "gatpad"!



Foto: Verskaf






# orum facebook

Vir die positiewe uitbou van Zastron tot die voordeel van die totale gemeenskap

About:

AHI

Friends:







Photos:




Map:

Like:

## OTO'S





## LUISTER

*1.1 Miljoen rand is reeds ontvang vir nuwe waterpomp.
* Varke en beeste is lastig, kommunikeer met gemeenskapsleiers

## IETERJASIES

*IDP vergadering—kwartaalikse terugvoer word versoek.
* Bestuur vergader op 22 April 2013 met Jannie Kruger van AHI.

## ORUM DOENIGHEDE

1. Straatnaamborde in Lucas Majozi Straat
2. Herstel van pad van ABSA tot Poskantoor
3. Naamborde vir munisipale bestuur by stadsaal
4. Dromme: ATKV projek behoort einde April voltooi te wees. Beplan om dit in Mei op te sit.

## INANSIES

Besighede - R 240 p.a.
Landbou - R 150 p.a.
Organisasies - R 50 p.a.
Gemeenskap - R50 p.a.

## YNSKRIF

Rig asb. enige klagtes, voorstelle of vrae skriftelik aan Annelize of enige bestuurslid.

## ORMALITEITE

Bestuursvergadering 6 Mei 2013
Lede vergadering 20 Mei 2013

# Champion Distributors Nuus

Op Maandag, 15 April 2013, het Champion 'n reuse "KOL" verkoping gehou, met afslae van 5% tot 50%. Alles, behalwe gas en sement, was op uitverkoping.

Nie net was dit 'n gewone verkoping nie, maar het Nico vir ons 'n paar verskaffers gereël wat hul produkte kom uitstal het. Hulle het baie mense getrek, en het die publiek baie belangstelling getoon in hul produkte. Baie dankie aan hulle wat van heinde en verre gekom het om die dag saam met ons te geniet.

Lere La Thuto Secondary School, onder die wakende oog van mev. Elize Steyn, het almal se monde laat water met die boereworsrolletjies wat hulle op die stoep verkoop het, en Mooifontein Primary School het daarvoor gesorg dat niemand dors kry nie.

Wat die dag ook nog meer interessant gemaak het, is dat daar 'n skaap op die spel was! 'n GROOT dankie aan Juan Fonternel wat goedgunstiglik 'n skaap aan ons geskenk het. Nee, ek gaan nie nou al verklap wie die skaap gewen het nie! Daar is eers 'n paar bedankings wat afgehandel moet word!

Eerstens wil ek aan al die "casual labourers", by name Leba Higgs, Fanie Jonker, Johan van Vuuren, Dineo Khokhwana en Sylvester Thibani, of te wel "Kleintjie", baie dankie sê vir hul reuse bydrae om die dag vir ons suksesvol te kon maak. Sonder hul hulp sou ons nie die pyp kon rook nie.

Dan 'n BAIE spesiale dankie aan al die personeellede van Champion Distributors. Ouens, julle was voorwaar "Champions"! Almal het gehol om die kliënte tevrede te probeer hou, en ek dink hulle het hul goed van hul taak gekwyt.

Die persone wat egter die grootste eer moet kry, is die inwoners van Zastron. Baie dankie aan almal wat 'n dingetjie of twee kom koop het. Julle was die mense wat daarvoor gesorg het dat die dag so suksesvol was. Nogmaals baie dankie.

Nou vir die lekkerste van alles: Die wenner van die skaap is dus ……. Nellie Mtshengu!

Congratulations Me, I hope that you are satisfied. En net vir die ouens wat wonder : Ons het vir Dippies nadergetrek om die trekking te doen. Baie dankie daarvoor, Dippies.

Champion groete,
~ *Martina*


**CHAMPION DISTRIBUTORS**

**4 Mathey Street** **TEL/FAX 051-673 1773**
**Zastron**

MEDAL paints make it your own!
**Verskaffers van MEDAL verf**

- **Hardware & building material**
- **Dress Material**
- **Cement**
- **Gas**

Ons streef daarna om altyd u as kliënt tevrede te hou!

As ons dit nie het nie....kry ons dit!

KONTAK: Martina / Nico vir persoonlike diens!


## Evelyn van Tonder… Thank-you

We wish to sincerely thank you for your kind thoughts and messages of sympathy in the recent bereavement of our dear mother, granny and great granny – Evelyn.

The expressions and tokens of kindness are deeply appreciated and have been a great comfort during this sad time.

Aanvaar asseblief ons diepste dank vir die handdruk, telefoonoproepe, besoek, blomme, eetgoed, kaartjies en woorde van bemoediging om ons hartseer te verlig en meer draaglik te maak.

Met deernis, dankbaarheid en baie liefde dink ons aan haar en dank God dat Hy ons lewens so verryk het.

~ *Van Tonder & Smith families.*




# Oud leerling van Hoërskool Zastron vertrek na Suid Korea

Alex Marais, oud Kovsie en een van die rolspelers in "Poppekas" wat olangs tydens die Volksblad Kunstefees opgevoer is, het na Gimhae in Suid-Korea vertrek.

Hy sal Engels by 'n Laerskool in Gimhae doseer. Hy het 'n kontrak vir een jaar onderteken, maar kan moontlik langer bly.

Alex het sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Zastron voltooi en die graad B.A. (Drama) aan die Universiteit van die Vrystaat verwerf.

*~ Alex Van Rensburg*



*Alex Marais* *Foto: Alex Van Rensburg*

# Hennie en Lena Swanepoel, Glenarough is trotse grootouers

Dr. Hennie Swanepoel, kleinseun van Hennie en Lena Swanepoel van Glenarough het onlangs as veearts in Australië gekwalifiseer. Hy het sy graad aan Murdoch Universiteit met hoë onderskeiding verwerf – 'n gemiddeld van bo 85% oor ses studiejare. Hy werk by 'n gevestigde veeartsenypraktyk suid van Perth in Australië. Hennie is die seun van prof. Frans Swanepoel, tans verbonde aan Stellenbosch Universiteit. Frans het in 1978 aan die Hoërskool Zastron gemartikuleer. Lena en Frans het onlangs die gradeplegtigheid in Australië bygewoon.



*vlnr: Lena Swanepoel, Zastron; Dr. Hennie Swanepoel, Australië; Prof Frans Swanepoel, Stellenbosch Universiteit.* *Foto: Verskaf*

MALUTI PANELBEATERS
24 HOUR TOWING SERVICE

2 Voortrekker Street, Zastron

- Panelbeating
- Spray Painting
- Vehicle Services

**CONTACT DETAILS:**
Sel: 082 959 4467
Tel / Fax: 051 6731 467
Email: maluti@ymail.com

# Die Zapp gesin in Zastron

Die vrolike reisende Argenteinse Zapp gesin wat al bekendheid in Suid Afrika verwerf het, het ook hier by ons 'n draai gemaak en op Tienfontein oorgebly.

Herman en Candelaria en hulle vier kinders deurkruis die wêreld in hulle outydse kar en het al omtrent 250,000 km afgelê. Hulle het die 1928 Graham-Paige kar in 2000 gekoop vir sowat R32,000 en vertrek op hulle eerste avontuur, vanaf Argentinië na Alaska. Wat veronderstel was om 'n eenmalige avontuur te wees het aangehou en nou na 12 jaar reis hulle nog steeds!

Die vier kinders is almal in verskeie lande gebore. Pampa (10 jaar oud) is gebore in die VSA, Thue (7) in Argentinië, Paloma (4) in Kanada en Wallaby (3) in Australië.

Dit is nie 'n vinnige reis nie! Die kar se optimale snelheid is 50 km per uur en die brandstof verbruik is 5 km per liter. Hulle reis omtrent 20,000 km per jaar. Die kar is 'n tent, kombuis, klaskamer, slaapkamer alles ineen. 'n Seil word oor die kar gespan vir skuiling. Die kinders slaap op matrasse op die dak van die kar en die agtersit-plek slaan af vir 'n dubbelbed.

Die Zapps het al 41 lande besoek. Die mense wat hulle langs die pad ontmoet, motiveer die Zapps om aan te hou reis. Oor die jare het meer as 2,500 gesinne hulle gehuisves. "Toegegee, ons kinders het 'n klein huis" sê Candelaria, "maar hulle het 'n enorme tuin..."

Waar kom die geld vandaan om so te reis? Candelaria het waterverf skilderye begin maak en Herman het 'n boek "Spark your Dream"geskryf. Die boek was 'n blitsverkoper in Argentinië en het gehelp om vir hulle avontuur te betaal. En dan natuurlik skenkings. Daar is mense wat so geinspireer is deur hulle verhaal dat hulle geldelike hulp aanbied!

Die Zapps se raad aan diegene wat 'n droom het---"Laat jou hart jou lei, jy sal nooit op die verkeerde pad land nie"--- sê Candalaria. Herman se raad om jou droom te vervul: "Begin net en doen dit!

~ *Alta*

DU PLESSIS
Vee&Vervoer
Koop en verkoop asook vervoer van lewende hawe.
DIENS IS ONS LEUSE!!

Ned's
Bar & Restaurant

Trading Hours:
Tue - Sat 11am till late
Kitchen closes at 9pm
34 Hoofd Str
Zastron
Tel: 078 944 7354
GPS: S 30°18.494"
E 27°04.867"

# Hoe kan so 'n gemors toegelaat word?



*Rou bloed gemeng met riool voor die kantoor venster van Mnr. Johannes Pienaar by BKB skeerdiens, se store.* *Foto: Alex Van Rensburg*



*Die stoep vol bloed water agter BKB Skeerdiens se gebou.* *Foto: Alex Van Rensburg*




*Al die holtes om BKB se gebou is vol bloed en riool water.* *Foto: Alex Van Rensburg*

# Na sononder

Geniet jou tuin met 'n glasie in die hand, die aandlug teen jou vel en naggeluide van krieke en paddas. Dis 'n ideale manier om die dag af te sluit.

Gebruik beligting dekoratief om jou tuin aantrekliker te maak. Jou stoep en tuin is 'n uitbreiding van jou huis en moet in dieselfde "lig" gesien word.

Pas jou beligting aan by jou tuin se styl en dekor. Pas beligting toe waar jy bome en plante wil aksentueer. Hou ook veiligheid in gedagte, belig jou hek of ingang en ook paadjies in die tuin.

Laat die lig oor jou etenstafel afwaarts skyn sodat dit genoeg beligting verskaf. As jy 'n waterfokus-punt of swembad in jou tuin het kan ligte hier ingesink word.

Annemarie Marais het vir die tuinbouklub 'n praatjie aangebied oor beligting in jou tuin. Sy het Louise se tuin soos 'n sprokie laat lyk met kerse, ligte en lanterns. Ons het lekker wyn gedrink en wil net vir almal wat die aand moontlik gemaak het, dankie sê.

*~ Tuinbou bestuur*

# Zastron Gholfklub Nuus

Op Saterdag, 13 April 2013, is die Ngelethu Konstruksie Gholfdag aangebied deur NASHUA. In perfekte weersomstandighede en die gholfbaan in 'n puik toestand, het 42 spelers die dag ondersteun.

Voorsiening is by die sesde putjie gemaak vir die groot dors en danksy Anneke en Ansie het nie een gholfer van die dors omgekom nie.

Na die dag se spel is daar Super 15 rugby gekyk en die gholfbestuur se vrouens het 'n heerlike aandete voorgesit. Nie almal se spanne het met die rugby gewen nie, maar gholf was beslis 'n wenner op die dag.

Charles en Hanro Brown was die algehele wenners van die dag met 'n uitstekende 53 punte.

Die gholfklub en sy lede wil langs hierdie weg vir Roland Foster en ook Nashua bedank vir die borgskap. Met die ondersteuning kan klubs op die platteland steeds voortbestaan.

*~ Tossie*

**VANANCO WHOLESALERS C.C.**

TEL: (051) 673 1346 / (051) 673 1179 (fax)
E-MAIL: vananco.zst@telkomsa.net

SASKO

PRODUKTE / PRODUCTS

IMPILO M/MEAL

**Fresh fruit & veg**
**Tuesday and Thursday pm**

Contact / Kontak:
Ronnie
Ryan
Mark

FNB ABSA OTM in winkel / available in shop

# ATKV geniet 'n musiekaand

Op Donderdag 18 April 2013 het die ATKV gesinstak saam met die Taal Kibboets (ATKV Jeugtak) 'n heerlike musiekaand gehou met 'n gaskunstenaar en alles. Lag en kuier was 'n kenmerk vir hierdie aand en bederfgoedjies is ingesamel om in ons volgende projek te gebruik. Baie dankie aan elkeen wat deel was van hierdie aand. Dit was heerlik. Taal Kibboets, julle is Gr8!!



*Foto: Verskaf*

# Among my souvenirs

Twee klein klippies vertel van waarde onmeetbaar...

In my Taverna Venezia is dit op hierdie pragtige herfsoggend doodstil. Die son se eerste strale strek soos goue linte oor die vlaktes onderkant Vegkop.

Terwyl ek peinsend deur die vertrek stap val my oog op twee netjies gemonteerde staalgrys klippies met blinkswart punte – lyk kompleet of hulle gepoets is. Soos 'n magnet trek dit my aan - my gedagtes draai die horlosie terug. Ek staan voor 'n groot Paleis, kyk uit oor die see van Marmara en die Bosphorus...



*Die twee lei klippies waaroor miljoene voete geloop het.* *Foto: Alex Van Rensburg*

Die vroeë sonstrale weerkaats oor die see – Ja, ek is terug in ou Istanbul in Turkye, Istanbul, die enigste stad wat op twee kontinente, Europa en Asië, geleë is. Ek het so pas met die Bosphorus en die goue Horing kanaal afgeseil en by hierdie reuse paleis aangekom. Die Topkapi Paleis, tans 'n museum, huisves kosbaarhede wat seker biljoene werd is. Dit is ook die oudste bestaande Fort in die wêreld. Omring deur vyf km mure was dit die woonplek van die Heersers van die Ottoman Ryk. In 1924 het die destydse president, Attaturk, versoek dat dit 'n museum moes word.

Ek stap deur die groot voorhek – om my val die herfsblare, seker die mooiste tyd in hierdie deel van die wereld.



*Die Voor hek na die Topkapi Paleis Museum.* *Foto: Alex Van Rensburg*

Die binneplein is bedek met 'n leiklip vloer – vorm die mooiste geometriese patrone denkbaar. Eienaardig, egter is die blinkswart voorkoms van die bopunte van hierdie klippies, blink gepoets deur miljoene voete wat deur die eeue heen hulle voetspore daarop gelaat het. Die eerste plein bevat die monumentale fontein, die Munt, die ou bakkery en die woonkwartiere van die wagte.

Deur die tweede hek na die tweede binneplein – slegs die Sultans was hier toegelaat, want dit het ook die harem bevat.. Dit was die private deel van die Paleis.



*Die 18 Karaat Kasikci Diamant.* *Foto: Alex Van Rensburg*

'n Derde binneplein lei na die wapen versameling. Wapens groot en klein, deur die eeue gebruik. Die kostuum- en porseleinversameling – porselein sò fyn dat dit lyk of dit in jou hande sal verkrummel as jy dit aanraak.



*Die troon van die goue kamer.* *Foto: Alex Van Rensburg*

Dan, om die kroon te span, die Tesourie. Dit bestaan uit 4 kamers wat elk 'n troon, waarop die Sultans gesit het, bevat. Binne is 'n verstommende versameling juweliersware, die rykste van sy soort in die wêreld. Turkse koffie koppies, pype, hangers, ringe en die beroemde Topkapi dolk, alles versier met goud, diamante en ander edelgesteentes – laat die asem wegslaan.

In die ander kamers is daar dan ook versamelings medaljes, uniforms, emalje voorwerpe en horlosies, die grootste wat 3,5 X 1 meter groot is bevat ook 'n orrel. Kandelabra van soliede goud versier die dak.

Die belangrikste kamer is natuurlik die goue kamer. Hierdie kamer was net gebruik vir kronings en tydens Kerklike vakansie dae. Hier kan die besoeker ook een van die wêreld se beroemdste diamante, die 86 karaat Kasikci, besigtig.

Ek stap oor die balkon na die uitgang. Die uitsig oor die Bosphorus en die Asiatiese kuslyn, 'n sprokieswêreld. In die binneplein net voor die uitgang gaan sit ek op 'n bank.My hand streel oor die leiklip vloer en sowaar twee van die klippies is los.Ek trek hulle uit -



*Die goud en diamante versierde koffie koppies.* *Foto: Alex Van Rensburg*

hulle verdwyn in my handsak.

Vandag pryk hulle in my Taverna Venezia, 'n juweel vir besoekers om te besigtig.

*~ Alex van Rensburg*


MOHOKARE
LOCAL MUNICIPALITY

P. O. Box 20, Zastron, 9950
Tel: 051 673 9600
Fax: 051 673 1550
E-mail: info@mohokare.co.za
www.mohokare.co.za

Notice: A03/2013

**ANNUAL REPORT AND OVERSIGHT REPORT**

Notice is hereby given in terms of Section 46 (2) read in conjunction with Section 21A of the Municipal Systems Act No. 32 of 2000 as amended and Section 127 (5) of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003, that the **Municipality's Annual Report** for the period **ending 30 June 2012** and the **Report of the Municipality's Oversight Committee** on the Annual report were adopted at an ordinary Council Meeting held on March 28, 2013.

Copies of the said documents are accessible on the website www.mohokare.gov.za or during office hours at the following offices and libraries:

| TOWN | LIBRARY & MUNICIPAL OFFICES |
|---|---|
| Zastron | • Office of the Municipal Manager Hoofd Street<br>• Zastron Library<br>• Matlakeng Library |
| Rouxville | • Unit Manager's Office Church Street<br>• Rouxville Library<br>• Albert Nzula Library |
| Smithfield | • Unit Manager's Office Cr Pres. Hoffman & Voortrekker Streets<br>• Smithfield Library |

**CT Panyani**
**Municipal Manager**
**Hoofd Street / P.O. Box 20**
**Zastron**
**9950**

Vision
"We shall be a consistent municipality, with a natural base, offering the highest quality of life for all"

# Op Reis deur Suid-Afrika

Op die N2 roete by Caledon draai die pad af na Napier en Bredasdorp, en dis 'n vreemde wêreld wat jou begroet – koring- en kanolalande wat teen die steilste hellings lê en jy wonder hoe op aarde trekkers en stropers daar op hulle wiele kan bly, heuwel na heuwel wat meer soos groot oorgroeide duine lyk en baie bloekombome! Dis eers as mens dwarsdeur Bredasdorp is, dat die landskap weer begin verander na doringbome, klipkoppies en orals waarskuwingsborde om tog versigtig vir die skilpaaie op die pad te wees. En net voordat jy begin moed opgee dat die see nooit nader gaan kom nie, doem 'n donkergroen berg aan die regterkant voor jou op en Struisbaai met sy 14 km-lange wit sandstrand en sy witgekalkte huisies verskyn uit die niet. Die hoofstraat van Struisbaai is lank en reguit, met hier en daar 'n stopstraat en sodra jy deur die dorp is, verander die hele prentjie weereens, en sien jy 'n klein dorpie wat tussen die see en die Heuningberg ingedruk is.

## L'Agulhas

L'Agulhas is die mees suidelike dorp in Afrika en dis ook hier waar die warm Indiese en die koue Atlantiese oseane by mekaar uitkom. Daar is 'n onopmerklike klipstrand en as dit nie was vir die landmetermerk wat die plek aandui nie, sou 'n mens seker nie kon raai dat hierdie spesifieke punt die uiterste suidepunt van Afrika is nie.

Die see rondom Kaap Agulhas is berug vir winterstorms en reusagtige fratsgolwe, wat tot 30 m




*Foto: Verskaf*

hoog kan raak en selfs groot skepe kan sink. Die oorsaak van hierdie stormagtige see is die warm Agulhas seestroom wat al langs die ooskus van Afrika af vloei tot waar dit die Atlantiese oseaan ontmoet en dan terugdraai na die Indiese Oseaan. Soos dit draai, knyp dit groot oseaankolle (bekend as Agulhasringe) af wat na die Suidelike Atlantiese Oseaan dryf en enorme hoeveelhede hitte en sout na die naburige oseaan dra.

Die water naby die kus is baie vlak en bekend as van die beste visvanggronde in Suid-Afrika. Dit word die Agulhasbank genoem en is minder as 100 m diep. Slegs na 250 km seewaarts sak dit skielik baie diep af.

L'Agulhas is Portugees vir "naalde" en verwys na die rotse en riwwe wat baie skepe gestrand het. 'n Voetpaadjie wat van hout-dwarslêers gebou is, maak dit moontlik om tot by die landmetermerk te loop.

## Kaap Agulhasvuurtoring

As gevolg van die baie skepe wat in daardie waters gesink het, het die Kaapse regering in 1840 besluit om 'n vuurtoring hier op te rig. Michael van Breda na wie die nabygeleë Bredasdorp vernoem is en die plaas Zoetendalsvlei besit het, het ingestem om so veel grond as wat nodig sou wees te skenk om die vuurtoring te bou. In 'n toespraak in Kaapstad het hy verwys na die Arnistonskeepsramp van 30 Mei 1815 waarin slegs 6 van die 378 mense aanboord oorleef het.



*Foto: Verskaf*

Bouwerk het op 1 April 1847 begin en is teen Desember 1848 voltooi. Lig is aanvanklik verkry uit

vet van skaapsterte te brand. In 1905 is die vetlamp vervang met 'n olielamp wat in 1914 opgegradeer is na 'n roterende stelsel wat 470 000 kerskrag gelewer het. In 1936 is 'n elektriese lig geïnstalleer wat 12 000 000 kerskrag gelewer het. In 1962 het die sandsteen waarvan die toring gebou was, begin verkrummel en in 1968 is 'n tydelike aluminium vuurtoring naby die hoofvuurtoring opgerig.



*Foto: Verskaf*

Die oorspronklike sandsteentoring is in 1973 tot Nasionale Monument verklaar. Nadat die toring teen 1988 herstel is, is die lig van die tydelike toring na die nuwe Groenriviermondvuurtoring naby Garies aan die Weskus van Suid-Afrika verskuif. Op 28 Januarie 1994 is 'n vuurtoringmuseum by die toring amptelik geopen. Daar is ook 'n restaurantjie in die gebou wat die lekkerste ligte etes bedien en vir die brawes is daar 'n houtwenteltrap waarmee jy kan opklim tot bo in die toring.

**Agulhas Nasionale Park**

Die gebied romdom die mees suidelike punt van Afrika staan ook bekend as die Agulhas Vlakte (Agulhas Plain) en het 'n ryke natuur- en kulturele erfenis. Dit het veral 'n ryk plant bioversiteit met spesies gelykstaande aan die tropiese reenwoude. Daar is ± 2000 spesies inheemse plante, waarvan 100 uniek aan hierdie area is en 110 wat op die rooilys van bedreigde spesies is.

Die gebied bestaan ook uit verskeie vleilande en die bedreigde Kaapse platanna en die mikropadda kom hier voor. Dit het ook 'n ryk voëllewe en duisende voëls migreer jaarliks na hierdie gebied. Die nabygeleë eilande is dan ook die tuiste van 'n verskeidenheid van voëls en robbe. In die lente en vroeë somer besoek die Noorkapper walvisse ook gereeld die Agulhas kuslyn as gevolg van die ryk seelewe.

Tydens opgrawings in die grotte aan die kuslyn, is op klip ornamente en gereedskap, asook skulpgereedskap afgekom wat na die Khoisan- era en -migrasie teruggespoor kan word.

Een van die skeepswrakke wat aan die kuslyn van die Agulhas Nasionale Park gesien kan word, is die van die Japanese vistreiler wat in 1982 op die rotse geloop het en sedertdien die slagoffer van die stormsee is.

Gaan besoek gerus die volgende webwerwe vir nog inligting, of nog beter, gaan kuier daar en ervaar die gebied eerstehands.
www.capeagulhas.gov.za
www.sanparks.org/parks/agulhas
http:/af.wikipedia.org/wiki/Kaap_agulhas

~ Elphia du Plessis

MOHOKARE
LOCAL MUNICIPALITY

P. O. Box 20, Zastron, 9950
Tel: 051 673 9600
Fax: 051 673 1550
E-mail: info@mohokare.co.za
www.mohokare.co.za

Notice A04 /2013

**ADOPTION OF 2013/2014 TO 2017/2018 DRAFT IDP and DRAFT BUDGET 2013/2014**

Notice is hereby given, in terms of Item 15 (3) of the Local Government Municipal Planning and Performance Regulation, 2001, promulgated under the Local Government: Municipal Systems Act 2000, ( Act 32 of 2000) as amended, read with the provisions of Section 25(4)(a)(i & ii) of the aforementioned Act, and the provision of the Municipal Finance Management Act 2003, ( Act 56 of 2003) of the adoption of the Mohokare Local Municipality's draft Integrated Development Plan (IDP) 2013/2014 to 2017/18 and Budget for 2013/2014. The DRAFT IDP and BUDGET were adopted at an ordinary Council Meeting held on March 28, 2013.

Copies of the said documents and all budget related policies are accessible for inspection on the website www.mohokare.gov.za or during office hours at the following offices and libraries:

| TOWN | OFFICES AND LIBRARIES |
|---|---|
| Zastron | • Office of the Municipal Manager Hoofd Street<br>• Zastron Library<br>• Matlakeng Library<br>• Ward Offices, Matlakeng |
| Rouxville | • Unit Manager's Office Church Street<br>• Rouxville Library<br>• Albert Nzula Library<br>• Ward Office, Roleleathunya |
| Smithfield | • Unit Manager's Office Cr Pres. Hoffman & Voortrekker Street<br>• Smithfield Library<br>• Ward Office |

Written comments in respect of the draft IDP and Budget may be forwarded to the Municipal Manager, Mohokare Local Municipality on or before **Friday, May 17, 2013** via the address mentioned below.
Any person who cannot write may visit the aforementioned offices and receive assistance in compiling his/her comments or representation.

